# Jac Blanc, Vir Ander

Onder dieselfde sterre moet ons twee weer vanaand tot ruste kom
Moet ek myself beheer en myself bedaar en my lot aanvaar
Onder 'n sterrelose hemel sink ek weg en hunker ek na verre lande
Ver vergete in die mis van tyd, nou net soos altyd

Oordeel my vooruit
Graf wat jy ronddra
En al jou vrae
Breek die stiltestryd
Ons moet verander
Net vir ander

Sonder dieselfde see aan ons voete baljaar die branders steeds jaar na jaar
Solank ons stilbly, solank as moontlik, sal die vrae verdwyn
Bewonder die o wat jou bewonder agter glas geraam in jou kamer
Ons moet mekaar vergewe, mekaar laat lewe, soos wat ons wil, nou net soos altyd

Oordeel my vooruit
Graf wat jy ronddra
En al jou vrae
Breek die stiltestryd
Ons moet verander
Net vir ander

Verander my dat jy na my kan kyk
En dat ek kort voor lank net soos jy lyk
Verander my dat jy na my kan kyk
En dat ek kort voor lank net soos jy lyk

Almal is anders, almal verander

Oordeel my vooruit
Graf wat jy ronddra
En al jou vrae
Breek die stiltestryd
Ons moet verander
Net vir ander

(Almal) verander, ons moet verander
(Is anders) vir ander, net vir ander
(Almal) verander, ons moet verander
(Is anders) vir ander, net vir ander
(Almal) verander, ons moet verander
(Is anders) vir ander, net vir ander
(Almal) verander, ons moet verander
(Is anders) vir ander, net vir ander